# DIE KERKORDE EN DIE HEILIGE SKRIF — 'N CONTRADICTIO IN TERMINIS?

*Ds. C. J. Smit*

Die vraag wat al hoe meer in die geding kom, is of die kerkorde hoegenaamd iets met die Heilige Skrif te make het. Is die kerkorde slegs 'n funksionele kontrak tusseen die kerke? Is die kerkorde in feite nie selfs 'n nuwe menslike gesagsreël wat ons naas die Skrif stel, en in praktyk dikwels in die plek van die Skrif nie? Die vraag is dus of die kerkorde nie geheel en al oorwaardeer word en te hoog aangeslaan word in ons kerklike lewe nie.

Argumente en beredenerings rondom hierdie vrae het meermale in die verlede òf sydelingse òf direkte klem in In die Skriflig ontvang.

## AFWYSING VAN KERKORDE

'n Op die spits gedrewe voorbeeld van die gedagterigting waarin elke mate van formele kerkorde verwerp word, is Van den Berg (1969: 11, 13, 51, 68, 69). Hy verwerp die beskouing dat kerkorde 'n Skrifopdrag is, geheel en al. Tog moet hy uiteindelik toegee dat die kerk volgens die Nuwe Testament 'n organisasie — en gevolglik 'n formele patroon — as vereiste het en dat daar definitiewe beginsels en voorskrifte vir dié organisasie gegee is. Ondanks sy verwerping van die noodsaak, of selfs die nut van die kerkorde, ontwerp hy desondanks tog weer 'n tipe kerkorde wat uit nege en twintig grondreëls bestaan, waarvolgens hy meen dat die kerklike lewe Skriftuurlik belyn kan word (ibid: 92-98).

'n Mmder ekstreme afwysing van die kerkorde — uit 'n vroeëre dekade — is die van Brouwer (1937 : 7-9, 90). Kerkorde as sodanig verwerp hy nie sonder meer nie, hoewel hy die mening toegedaan is dat daar nie 'n bepaalde kerkorde uit die Heilige Skrif afgelei kan word nie. Hy voer aan dat slegs praktiese en historiese oorwegings geldingskrag het vir die konstruering van 'n kerkorde. Dié mening word deur 'n leërskare teoloë uit die liberale rigting onderskryf (vgl. Polma, s.j. :30, 31).

## KERKBEGRIP EN KERKORDE

Vir my lyk 'n mens se kerkbegrip van kardinale betekenis vir jou kerkordebegrip. Die Skriftuurlike kerkbegrip behels dat die kerk 'n unieke, deur God verordineerde gemeenskap is en dat die kerk as liggaam van Christus van Hom 'n bepaalde orde vir sy daar wees en sy roepingsvervulling in die wêreld ontvang het. Die kerk beliggaam en dra die nuwe orde wat as 'n gevolg van die herskepping in en deur Jesus Christus gegee word (vgl. Kol. 1 : 18-23). Hy gee die orde aan sy kerk deur die werkinge van sy Woord en Gees (vgl. Calvyn, 1956 : 1, VI en VIII). Milner (1970 : 4) stel dit soos volg: "When the word of the Spirit is correlated with those manifestations of the Word, order — above all the order which describes the church — appears. Thus the church (order) can only be

understood dialectically, as refering simultaneously to the Word and to the Spirit"

## DIE ORDEGEWER

Waar God se Woord en Gees werk, kom orde tot stand. Herdie orde realiseer in kerkinstituering en in kerkorganisasie. Die vergadering van die kerk deur Christus is die herstel van orde in die wêreld (vgl. Milner, 1970 : 44).

As Ordegewer is Christus meer as organiese Hoof van sy liggaam. Hy is ook die volstrekte Gesagshoof van sy liggaam (1 Kor. 11 : 3; Kol. 2 : 10). As Gesagshoof en Ordegewer van sy kerk is Hy lewens-één met sy kerk, nie meganies nie, maar op organiese wyse (vgl. Van der Walt, 1976 : 45, 47).

Die Heidelbergse Kategismus (Sondag 21, vraag 54) stel die werk van Christus in die onvoltooide teenwoordige tyd: Hy vergader, beskerm en onderhou sy kerk. Hy is Subjek van die kerk in volle (direkte en eintlike sin. Sy taak met betrekking tot sy kerk as Ordegewer, én derhalwe as Regeerder, is nie 'n afgehandelde taak nie: dit is 'n durende taak wat Hy op organiese wyse tot uitvoer bring.

Dat die kerk lewens-één met Hom as Ordegewer en Regeerder is, beteken dat die kerk nie net aan Hom behoort nie, maar dat die kerk hoegenaamd nie selfstandig sonder Hom kan bestaan nie. Hy is die oorsprong, doel en groei van die kerk (Ef. 4 : 15; Kol. 2 : 12-19; 3 : 1). Derhalwe kan die kerk nie kerk wees sonder die orde wat Hy vir sy kerk bestem het nie.

## 'N ANDER ORDE

Jonker" (1965 : 3) sê dat die verhouding tussen Christus en sy kerk die "grondwet" van die kerk is waarop die orde van die kerk gebasseer is. So gesien is die orde van die kerk wesenlik anders as die orde van enige gewone menslike samelewingsverband, instituut of struktuur. As vanuit die mens oor die kerk nagedink word, en nie vanuit God nie, dan is die kerk — soos vir Brunner (1939 : 194, 318) —niks meer as 'n instituut, 'n natuurlike gemeenskap, wat volgens die wetmagtighede en reëls van enige ander menslike verenige bestaan. Maar as die kerk as 'n produk van die herskepping gesien word (vgl. Kuyper III, 1909 : 227) moet die kerk verstaan word vanuit "die orde en die gestalte der regeringsrichting, die Hij zelf heeft voorgeschreven (Calvyn, 1956 : IV, VI, 9).

Die opvatting van Brunner (1939 : 194, 318) word selfs ook in 'n mate deur Nauta (1971 : 9) gehuldig, naamlik dat die kerk as 'n gemeenskapskring vir menslike samelewing sekere reëls vir gemeenskaplike gedrag moet neerlê. Hierdie standpunt hou in dat die kerk binne sy eie wetskring as 'n gewone menslike samelewingsverband naas die gesin, die skool, die politieke-, ekonomiese-, of kulturele vereniging bestaan. Met hierdie siening is dit te begrype dat Nauta die kerkorde as die algemene wetgewing van die kerk sien, waarvolgens die kerkvolk hulle behoort te gedra. Die kerkorde is vir hom 'n versameling van sistematies gerangskikte, wetlike be-

palinge, wat deur die kerk (sinode) as die bevoegde instansie vasgestel is.

## 'N UNIEKE ORDE

Hierteenoor bepaal Calvyn se visie op die kerk as 'n unieke, deur God verordineerde gemeenskap sy kerkordebegrip. Ricker (1899 : 95, 105) onderskei tussen 'n 'Formalprinzip" en 'n "materialprinzip" by Calvyn. Die "Formalprinzip" hou in dat slegs dié kerkorde die ware is, naamlik wat uit Gods Woord tot stand gebring is en derhalwe met die voorskrifte van die apostels, sowel as met "der Christichen. Urkircre" ooreenstem. Die "Materialprinzip" hou negatief in die uitsluiting van enige menslike heerskappy in die kerk en positief die alleenheerskappy van Christus in sy kerk. Beide die beginsels veronderstel dat Hy sý heerskappy op sý wyse tot uitvoer wil bring.

Weliswaar kom die benaming 'kerkorde' nie in die Skrif voor nie. Die Skrif, as die Woord en die wet van God, bevat egter onteenseglik sý geformuleerde bepalings en voorskrifte vir die kerklike lewe: byvoorbeeld met betrekking tot die tug (Mt. 18 : 17 e.v.); met betrekking tot die onderhoud van die dienaars (Mt .10 : 10; Gl. 6 : 6; Flp. 4 : 15, 2 Ts. 3 : 9); met betrekking tot die vereistes wat aan die dienaars gestel word (1 Tm. 3 : 5 : 19); met betrekking tot die toerusting (Ef. 4 : 11-13) en die organisasie (Ef. 4 : 16) van die kerk; ensovoort. Hierdie bepalinge en voorskrifte mond uit in die samevattende ordereëling wat as opdrag gegee word: "Laat alles welvoeglik en ordelik toegaan" (1 Kor. 14 : 40).

## EKSEGESE VAN 'ORDE IN 1 KORINTIËRS 14 : 40

Uit die struktuur-analise en die bepaling van die kontekstuele betekenis van 'taksis' (orde) in 1 Korintiërs 14 : 40 (wat as die *locus classicus* vir die kerkorde in die Heilige Skrif aangetoon word) blyk duidelik dat 'orde' nie dui op *klas* — in die sin van kategorie, soos byvoorbeeld priesterorde — nie, én nie dui op *opeenvolging* — in die sin van 'n reeks of 'n beurt — nie, maar dat die woord dui op die feit (opdrag, wet) *dat* daar orde moet wees. 'Orde' in 1 Korintiërs 14 : 40 beteken nie orde in die sin van stand nie, dit beteken ook nie uitsluitlik *liturgiese* orde nie, maar dit dui op 'n bepaalde kwaliteit van die hele kerklike lewe wat (as 'n opdrag) behoorlik en toepaslik (in ooreenstemming met die gebod van die Here) ingerig moet word. Dit blyk verder uit die eksegese dat orde én 'n gawe én 'n opdrag van die Here vir die kerk is, en dat orde deur die beginsel van die liefde gerig moet wees op die opbou van die kerk. Die doel van die orde is dat die vrede met God en met mekaar — as vrug van die versoening — ordelik in die kerk vergestalt word.

## SKRIFBEGINSELS

Die beskouing dat die orde 'n gebod en 'n voorskrif van die Here is en dat Hy 'n bepáálde orde vir sy kerk gegee het wat in stand gehou moet word, hou egter nie in dat daar 'n komplete kerkorde in die Heilige Skrif dikteer word nie. Die Skrif is nie 'n wetboek waar-

uit elke individuele reël vir die kerk in duidelike geformuleerde definisies afgelees kan word nie, maar die Skrif is die grond waaruit die beginsels vir die kerkorde en van die kerkorde opgediep moet word.

Sillevis Smitt (1910 : 114); Bronkhorst (1947 : 276); Van Itterzon (1974 : 52); Pont (1981 : 9) en ander Gereformeerde kerkregtelikes (vgl. Nauta, 1971 : 16) oordeel dat die Heilige Skrif die beginsels vir 'n komplete Skriftuurlike kerkorde voldoende gee. Soos wat die kerklike organisasie in die Nuwe Testament ontwikkel en ontplooi word ,kom die beginsels al hoe duidelikes na vore. Daarom begin Polman (s.j. : 32) nie by die begin nie, maar by die uiteindelike resultaat van hierdie ontwikkeling, naamlik by die Pastorale Briewe: "Hier liggen de ordonnantiën voor de kerkelijke organisatie, die de Heilige Geest Zelf gegeven heeft". Hierdie beginsels vir die kerkorde moet deur "afleiding" en "nadere reëling" toegepas word na die eis van plek en tydsomstandighede (Van der Linde, 1965 : 31). Daarom moet die kerkorde in die eerste plek vanuit die Skrif verstaan en toegepas word en in die tweede plek vanuit sy historiese kader.

## MENSLIKE ASPEK

Die kerkorde as 'n gehoorsame uitvoering van die omvattende Skrifbevel tot orde (1 Kor. 14 : 40) en derhalwe as die sistematisering van die Skrifbepalinge vir kerkorganisasies en kerkregering (Spoelstra, 1966 : 11) veronderstel gevolglik óók 'n menslike element. Maar vir Calvyn (1956 : IV, X, 30) is die *humanae constititiones* (menslike insettinge) selfs geheel en al *prorsus divinae* (goddelik) — in soverre dit gegrond is op Gods gesag, deurdat dit ontleen is aan die Heilige Skrif. Byvoorbeeld selfs die menslike knielgebod — by die gebede — is vir Calvyn 'n legitieme positivering van die Bybelse gebod om aan God alle eerbied te betoon. Op hierdie wyse moet die kerkorde — sóós die kerkregering en die kerkreg — 'n dienskneg wees van die Woordverkondiging: oor die "Wortkönig" mag niks en niemand heers nie. Die menslike kerkordenende werk moet dus geheel en al in diens van "Gottes Ordnung" staan, dit wil sê ook dit moet as't ware 'n wyse van Woordverkondiging wees (vgl. Plomp, 1967 : 14, 15, 12, 9) Derhalwe moet die 'menslike aspek' in die kerkorde niks meer nie as die ter sake toepaslike element van die Skrifbeginsels vir die kerkorganisasie en die kerkregering wees.

Vir Calvyn is die *Ordinatio Dei,* soos geopenbaar in sy Woord, die absolute en onvervreembare fondament van die kerkorde. God openbaar hoe Hy gedien wil word: sý Woord is dus die enigste wet van die kerk. Hierdie 'wet' is 'n 'wet van vryheid', derhalwe mag die gelowiges se vryheid hulle nie ontneem word deur gewetensdwang as gevolg van bepalings wat nie op die Skrif steun nie (vgl. Milner, 1970 : 75, 81 e.v.; Calvyn, 1956 : IV, X, 8, 10-15).

## STYLVOLLE LEWENSWYSE

Die verhouding tussen kerkorde en Heilige Skrif moet as 'n baie konkrete band gesien word. Uit Smelik (1973 : 58, 59) se eksegese van 1 Timoteus 3 : 15 blyk dat die kerkorde in die plek van die direk-

te apostoliese leiding gekom het. Die kerk moes sonder die persoonlike bemoeienis van 'n apostoliese persoonlikheid leer bestaan. Die 'kerkorde' waarvan hier sprake is, het ten doel om aan die gemeente 'n 'stylvolle lewenswyse' en 'n vaste opbou ooreenkomstig Gods wil te gee: "Wonderlijk dat de eerste kerkordening de vorm van een door bezorgdheid ingegeven improvisatie aan de Kerk geschonken wordt. Het is of een vaderlijk hand zich op haar legt, die vast en rustig leidt, zodat men weet hoe men zich in Gods huis moet gedragen (ibid : 59).

TWEE POLE

Die lyne wat tot hiertoe getrek is, trek saam in twee pole: enersyds is die Heilige Skrif die onmiddellike en eerste grond van die kerkorde, andersyds moet die kerk die Skrifbeginsels in die kerkorde na die behoefte van plek en tydsomstandighede toepas. Hierdie 'toepassing' mag uiteraard nooit menslike reglementering word nie -- dit moet in die lig van die Skrif gedoen word, op die wyse wat Bouwman (1970 : 324, 325) dit byvoorbeeld aantoon:

i Dat die bedienaars, die ouderlinge en die diakens noodsaaklik is vir die kerk, staan vas in die Woord (Ef. 4 : 11; 1 Tim. 5 : 17; Hand 20 : 28; 6 : 2, 3, ens.) maar hoeveel daar moet wees, word aan die kerke oorgelaat;

ii dat hulle verkies moet word, staan vas in die Woord (Hand. 1 : 1-8; 6 : 1-6; 14 : 23; 20 : 28; Rm. 1 : 1; 10 : 15; 1 Kor. 1 : 1; Gl. 1 : 1; Ef. 1 : 1; Mt. 4 : 19; 9 : 37, 38; 10 : 5, 7; 28 : 19; Jh. 21 : 15-17, ens.) maar op watter wyse en vir hoe lank, word aan die kerke oorgelaat;

iii dat daar korrespondensie tusse kerke in kerkverband onderhou moet word, kragtens die wese van die kerk, staan vas in die Woord (Hand. 15; 2 Kor. 8, ens.), maar hoeveel kere meerdere vergaderings moet plaasvind, word aan die kerke oorgelaat.

DIE BELYDENIS

Ook die belydenis handhaaf die Skrif as dié fondament waarop die kerkorde sy beslag kry, omdat die Here self die wyse waarop Hy heerskappy in sy kerk wil voer, deur die Skrif aangetoon het: "Ons glo dat hierdie ware kerk geregeer moet word volgens die geestelike bestuurswyse wat ons Here ons geleer het in sy Woord . . ." (Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 30); en "Ons glo dat die bedienaars van die Woord van God, die ouderlinge en diakens vir hulle ampte gekies moet word deur wettige verkiesing van die kerk, met aanroeping van die naam van God en goeie orde, soos die Woord van God leer" (Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 31). Die belydenis gaan konsekwent uit van die geloof dat die Here self die wyse van kerkregering as 'n essensiële faktor vir die voortbestaan van die kerk in sy Woord gegee het. Vir die kerk is dit van wesenlike belang, want as die orde nie ooreenkomstig die opdragte uit die Heilige Skrif gehandhaaf word nie, sal eiewilliges op 'n onwettige wyse indring in die dienste en dientengevolge sal die kerk van die Here geskaad word (Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 31).

'N ANTWOORD

Om die aanvangsvrae te beantwoord: Dit is duidelik dat die kerkorde en die Heilige Skrif nie 'n *contradictio in termi*nis is nie. Na die bedoeling van die Skrif is die kerkorde ook nie 'n menslike gesagsreël naas of in die plek van die Skrif nie, en mag dit hoegenaamd nie in die minste sodanig geaksentueer word nie.

Vanweë die kerkorde se binding aan die Heilige Skrif kan die kerkorde selfs ook nie as 'n bundel reglemente los van die werkinge van die Heilige Gees gesien word nie. Trouens dáárom kan die Skriftuurlik begronde kerkorde ook nooit losgemaak word van die Heilige Gees nie: "The Church (order) must alwys be understood, therefore. as existing in the movement from the believer to the Word which occurs in the leading of the Sprit through ordained means" (Milner, 1970 : 192, vgl. ibid : 4 e.v.) Vir Calvyn is daar én spesifieke kerkordelike aanwysinge én die *generales regulas* in die Skrif wat die basis vir die kerkorde vorm (vgl. Plomp, 1967 : 15, 16), waardeur die Helige Gees meespreek in die kerkordening, daarom verklaar hy uitdruklik dat hy slegs die menslike insettinge goedkeur wat op Gods gesag gegrond is en uit die Skrif geneem is: "en dus geheel en al Goddelijk zijn" (Calvyn, 1956 : IV, X 30). Slegs sulke insettinge kan as die werk van die Heilige Gees beskou word. Omdat die Heilige Gees deur die Woord werk, is die kerkorde wat op die Woord gegrond is, geheel en al die werk van die Heilige Gees (vgl. Van't Spijker, 1972 : 26, 27; Geiger, 1954 : 31) Daarom sal in die gebruike van die kerkorde terdeë daarmee rekening gehou moet word dat die Woord is wat daardeur in de kerkregering aan die woord moet kom. Anders word van die kerkorde — deur die gebruik daarvan — 'n selfstandige wet gemaak en sodoende sou die kerkregering losgemaak word van die werkinge van die Heilige Gees.

Samevattend konkludeer ek dat 'n kerkorde buite om die heilige Skrif geen bestaansreg het nie. Die Heilige Skrif is die bron waaruit die kerkorde sy bestaan, sy doel en sy funksionering te danke het, en dat die kerkorde dáárom Geestesordening' is.

TERUGSKOUING:

'n Mens se kerkordebegrip word bepaal deur jou kerkbegrip. Uit 'n Skriftuurlike kerkbegrip blyk dat die orde van die kerk wesenlik anders is as die orde van enige gewone menslike samelewingsverband, instituut of struktuur. Vir die kerk geld 'n bepáálde orde wat deur sy Ordegewer en Gesagshoof, Jesus Christus, in sy Woord gegee is. Dit beteken egter nie dat daar 'n komplete kerkorde in die Heilige Skrif dikteer word nie. Dit beteken wel dat die Skrif die grond is waaruit die beginsels vir die kerkorde en van die kerkorde opgediep moet word. Die 'menslike aspek' in die kerkorde mag nie tot 'n reglementerende element daarin ontaard nie, dit moet slegs die ter sake toepaslike element van die Skrifbeginsels vir die kerkorganisasie en die kerkregering wees. Sodanig is kerkorde en Heilige Skrif geen kontradiksie nie, maar is die kerkorde 'n noodsaaklike for-

mulering en toepassing van die Skrifbeginsels vir die kerkorganisasie en die kerkregering. In soverre die kerkorde op die Heilige Skrif rus en daaraan verbonde is, is die kerkorde onteenseglik die werk van die Heilige Gees en derhalwe nie 'n stel menslike reëls naas of in die plek van die Skrif nie.

LITERATUUR

Bouwman, H. 1970 Gereformeerde kerkrecht, dl. 1. Kampen: Kok.

Bronkhorst, A. J. 1947 Schrift en kerkorde: een bijdrage tot het onderzoek naar de mogelikheid van een "Schriftuurlijke kerkorde" Den Haag: Zuid-Holland.

Brouwer, A. M. 1937 De kerkorganisatie der eerste eeuw en wij. Baarn: Bosch en Keuning.

Brunner, D. E. 1939 Das Gebot und die Ordnungen: entwurf einer protestantisch — theologischen Etik, Zürich: Zwingli.

Calvin, J. 1956 Institutie of onderwijzing in de christelijke godsdienst, 3 dle., 4de dr. (Uit Latyn vertaal deur A. Sizoo). Delft: Meinema.

Geiger, M. 1954 Wesen und Aufgabe kirchlicher Ordnung. (*In* Theologisch studien herausgegeben von Karl Barth, Heft 42. Zürich: Evangelischer Verlag.)

Jonker, W. D. 1965 Om die regering van Christus in sy kerk. (Mededelings Unisa, Pretoria).

Kuyper, A. 1909 Encyclopaedie der heilige Godgeleerdheid, 3 dle. 2de hersiene dr. Kampen: Kok.

Milner, B. C. 1970 Calvin's doctrine of the church. Leiden: Brill.

Nauta, D. 1971 Verklaring van de kerkorde van de Gereformeerde Kerken in Nederland. Kampen: Kok.

Plomp, J. 1967 Beginselen van reformatorisch kerkrecht. Kampen: Kok.

Polman, A. D. R. s. j. Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis: verklaard uit het verleden geconfronteerd met de heden, dl. 4. Franeker: Wever.

Pont, A. D. 1981 Die historiese agtergronde van ons kerklike reg. Pretoria en Kaapstad: Haum.

Rieker, K. 1899 Grundsätze reformierter Kirchenverfgussung. Leipzig. Hirschfeld.

Sillevis Smitt, P. A. E. 1910 De organisatie van de christelijke kerk in den opostolischen tijd. Rotterdam: De Vries.

Smelik, E. L. 1973 De Brieven van Paulus aan Timotheüs, Titus en Filemon: De Wegen der kerk. (*In* A. F. J. Klijn, *red*) De prediking van het Nieuwe Testament. Nijkerk: Callenbach).

Spoelstra, B. 1966 inleiding (*In* L. S. Kruger et al, *red*. Handleiding by die kerkorde van die Gereformeerde kerk in Suid-Afrika. Potchefstroom: Pro Rege).

Van den Berg, M. R. 1969 De gekerkerde kerk. Amsterdam: Buijten en Schipperheijn.

Van der Linde, G. P. L. 1965 Die Grondbeginsels van die presbiteriale kerkregeringstelsel. Potchefstroom: Pro Rege.

Van der Walt, J. J. 1976 Christus as Hoof van die kerk en die presbiteriale kerkregering. Potchefstroom: Pro Rege.

Van Itterzon, G. P. 1974 Het kerkelijk ambt in geding. (*In* M. P. van Dyk, *red*- Theologie en Gemeente, nr. 10. Kampen: Kok.)

Van't Spijker, W. 1972 Goddelijk recht en kerkelijke orde bij Martin Bucer. (Appeldoornse studies, nr. 3. Kampen: Kok.)